

26 Augustus

Jona 2:1-6

Weggaan van God word wegsak in donkerte

Die Here het 'n groot vis gestuur om Jona in te sluk. Hy het 'n bepaalde bedoeling daarmee. Die pad van bekering was vir Jona nog nie klaar nie. Daar in die donkerte van die vis moes Jona deur gebedsworsteling kom tot ware bekering en nuwe insig. Daar in die vis moet die ongehoorsame Jona eers sterf sodat 'n nuwe gehoorsame Jona kan opstaan (vers 9). Die Here gebruik Jona se worstelstryd in die vis ook om Jona weer te laat bid. Tydens die storm op die see het Jona nie een maal gebid nie. Ja, die heidense matrose het Jona gevra om ook tot sy God te bid, maar ons lees nêrens dat Jona wel gebid het nie. Sy nood dryf hom egter nou daartoe om weer te bid. Die Here is ook met Jona besig om hom God se genade beter te laat verstaan en te waardeer. Jona moet beseft dat alle mense van God se genade afhanklik is, ook Nineve na wie Jona moet gaan.

Jona beskrywe sy worstelstryd in die see in die maag van die vis in aangrypende taal. Daarin hoor jy die paniek en benoudheid van 'n man wat besig is om te verdrink. Jona beskrywe hoe hy dieper en dieper sink. In sy beskrywing is daar iets van 'n afwaartse lyn: die diepte ingegooi (vers 3), die watermassa wat my omring (vers 3) golf na golf het oor my gegaan (vers 3), die waters het my toegevou (vers 5), seegras was om my kop gedraai (vers 5). Ek het afgesak tot by die fundamente van die berge (vers 6). Die weggaan van die Here af word 'n wegsak in benoudheid. Die lewe van 'n gelowige wat in ongehoorsaamheid sy rug op die Here draai word 'n afdraande pad. Omstandighede in so 'n persoon se lewe kan net al hoe moeiliker raak. Dit kan soos 'n maalkolk word wat jou dieper en dieper aftrek.

Sing Psalm 130:1

Dr. S.J. van der Walt (Cachet)